



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**FEBRUARIE/MAART 2018**

**NASIENRIGLYNE**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 23 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

**VRAAG 1**

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Johannesburg | 1 | 1 |
| 1.2 | • (Trevor se pa) het in Switserland gebly.<br>• (Trevor se pa) het teruggegaan Switserland toe, (toe hy een jaar oud was)<br>• Trevor se ma en ouma het hom alleen grootgemaak.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 2 |
| 1.3 | • (Trevor se) ma<br>• (Trevor se) ouma | 1<br>1 | 1<br>1 |
| 1.4.1 | Abel Shingange/Abel/Shingange | 1 | 1 |
| 1.4.2 | • Hy het hulle mishandel.<br>• Hy is gestraf vir poging tot moord op Patricia.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| 1.4.3 | • Vroue en kinders word daagliks mishandel/vermoor.<br>• Mans word vandag nog gestraf vir poging tot moord op hulle vrouens/kinders.<br>(LW Kandidate moenie hier na Trevor se pa per se verwys nie, bv. Hy mishandel nog steeds vroue.)<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 1.5 | • Trevor was self jonk/18 jaar oud./Jongmense kon met hom identifiseer.<br>• Hy het geweet waarin jongmense belangstel./Hy het geweet waarvan jongmense hou.<br>• Hy was 'n goeie komediant./Hy was reeds bekend na sy rol in Isidingo.<br>(Aanvaar nie: Hy kon jongmense laat lag./ Hy het geweet van swaarkry.)<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 4 |
| 1.6 | Suid-Afrikaanse | 1 | 2 |
| 1.7.1 | • E<br>• Hierdie program is 'n bekende sepie.<br>• E Hierdie program is 'n bekende sepie.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.7.2 | • F<br>• Hierdie program het vir kykers iets geleer.<br>• F Hierdie program het vir kykers iets geleer.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.7.3 | • A<br>• Hierdie program handel oor wat in ander mense se lewens aangaan.<br>• A Hierdie program handel oor wat in ander mense se lewens aangaan.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.7.4 | • B<br>• Hierdie program handel oor sport.<br>• B Hierdie program handel oor sport.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.7.5 | • C<br>• Hierdie program gaan oor mense wat in 'n kompetisie dans.<br>• C Hierdie program gaan oor mense wat in 'n kompetisie dans.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.8 | • woordvoerder<br>• agent<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.9.1 | (In) 2009. | 1 | 1 |
| 1.9.2 | • The Daywalker<br>• Crazy Normal<br>• It's my Culture<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 1.10 | Ja.<br>• Hulle het hom nie geken nie./Hy was onbekend in Amerika.<br>• Hy was baie jonk.<br>• Hy is nie 'n Amerikaner nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• Hy is 'n goeie aanbieder.<br>• Hy het baie ervaring gehad.<br>• Hy het dalk nuwe idees gehad.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 1.11 | • Hy kan ook Duits/Spaans praat.<br>• Hy praat ook vreemde tale.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| 1.12 | • B<br>• Trevor baie bly was oor sy prys.<br>• B Trevor baie bly was oor sy prys.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.13 | • Hy is die voorbeeld van komedie in Amerika.<br>• Hy verteenwoordig komedie in Amerika.<br>• Dit is hoe komedie in Amerika gedoen word.<br>• Hy is die beste komediant in Amerika.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 1.14 | Ja.<br>• Daar is meer geld in Amerika.<br>• Dit is makliker om wêreldberoemd te word.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• Suid-Afrika is my land.<br>• Hier is net so baie geleenthede vir my in Suid-Afrika.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 1.15 | "miljoene aanhangers"<br>*(Penaliseer NIE indien antwoord NIE in aanhalingstekens is NIE)* | 1 | 2 |
| | **SUBTOTAAL:** | **24** | |

**TEKS B: VISUELE TEKS**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.16 | takealot | 1 | 3 |
| 1.17 | Mr Price | 1 | 3 |
| 1.18 | groter | 1 | 3 |
| 1.19 | • B<br>• sokkerballe<br>• B sokkerballe<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.20 | • B<br>• dis gerieflik en bied jou 'n wye keuse van produkte.<br>• B dis gerieflik en bied jou 'n wye keuse van produkte.<br>(Enige EEN)<br>(C is nie noodwendig waar nie). | 1 | 3 |
| 1.21 | • Daar is logo's/embleme in plaas van woorde.<br>• Daar is min woorde.<br>• Daar is meer logo's as woorde.<br>• Die logo's gee vir jou die inligting.<br>• Jy lees die logo's.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | **SUBTOTAAL:** | **6** | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** | |

## AFDELING B: OPSOMMING

### NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die feite soos deur die vraag oor die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:**
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1-5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 65 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2: WENKE OM 'N GOEIE CV TE SKRYF

[Verwerk uit www.selfstairway.com]

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORDE |
|---|---|---|
| 1. | 'n CV kan die sleutel wees wat vir jou 'n mooi toekoms oopsluit. **Heel eerste in jou CV moet jy al jou persoonlike inligting gee**. Dit sal vir die werkgewer sê wie jy is. | Gee al jou persoonlike inligting. |
| 2. | 'n Belangrike deel van jou persoonlike inligting is die regte kontakbesonderhede. **Maak dus seker dat jy die regte adres en kontaknommers in jou CV gee.** | Gee jou regte/akkurate kontakbesonderhede/regte adres en kontaknommers. |
| 3. | **Sê in jou CV watter tale jy kan praat, lees en skryf.** Kommunikasie in die werksplek is belangrik. Die werkgewer sal voorkeur gee aan iemand wat meer as een taal kan praat. | Dui aan watter tale jy kan praat, lees en skryf. |
| 4. | Jy moet gekwalifiseerd wees vir die pos waarvoor jy aansoek doen. **Sluit al jou kwalifikasies volledig in.** | Noem al jou kwalifikasies. |
| 5. | **Gee al die inligting omtrent die werk wat jy al gedoen het.** Werkservaring kan tot jou voordeel wees. | Gee al die inligting omtrent jou werkservaring./Noem al die plekke waar jy voorheen gewerk het/Sê watter tipe werk jy voorheen gedoen het. |
| 6. | Werkgewers verkies werkers met 'n gebalanseerde lewe. Dit beteken hulle verkies werkers wat in hul vrye tyd aan verskillende aktiwiteite deelneem. **Noem dus in jou CV alle stokperdjies, gemeenskapswerk of sport waaraan jy deelneem**. | Sê wat jy in jou vrye tyd doen.<br>(LW Buitemuurse aktiwiteite is nie korrek nie. Ons moenie aanvaar dis studente/leerders nie) |
| 7. | Die werkgewer wil gewoonlik meer van jou weet. **Gee die name en kontakbesonderhede van twee mense wat jou goed genoeg ken om jou sterk punte uit te lig**. Daar is mos nie plek op jou CV om daaroor uit te brei nie. | Gee die name en kontakbesonderhede van twee mense wat jou goed ken. |
| | **GETAL WOORDE = 189 woorde<br>(± 200 woorde - Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 51 woorde<br>(50–60/65 maksimum)** |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:

   - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
   - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meerkeusevraag.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 3.1 | • Groot letters<br>• Vetdruk/donker<br>• Ander font/skrif<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 3.2.1 | manipuleer | 1 | 3 |
| 3.2.2 | • D<br>• Aksentteken<br>• D Aksentteken<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 3.2.3 | jy/Jy (persoonlike voornaamwoord =X) | 1 | 2 |
| 3.3 | Oe | 1 | 1 |
| 3.4 | lekkerste | 1 | 1 |
| 3.5 | weet | 1 | 1 |
| 3.6 | fluister | 1 | 2 |
| 3.7 | • Mense wat van sjokolade hou.<br>• Mense wat graag vir ander sjokolade koop.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 6 |
| 3.8 | Die prentjie pas by die advertensie, want ...<br>• dit lyk asof die meisie baie van die sjokolade hou.<br>• die hartjies wys dat die meisie lief vir die sjokolade is.<br>• meisies word meestal met sjokolade bederf.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | **TOTAAL:** | **10** | |

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.1 | • Ons hou 'n braai. (selfstandige naamwoord)<br>*(Enige sin wat daarop dui dat jy op 'n vuur/kole gaan kos maak)*<br>• Pa braai vleis. (letterlik)<br>*(Enige sin wat daarop dui dat daar kos gaargemaak word)*<br>• Jou ma gaan jou braai as sy jou rapport sien (figuurlik)<br>*(Enige sin wat daarop dui dat die persoon gestraf word)*<br>(Aanvaar ook "braai" as deel van 'n samestelling bv. braaivleis, braaiplek, braairooster, ens.) | 1 | 5 |
| 4.2 | (Pa sê dat) elke dag braaidag is. | 1 | 3 |
| 4.3 | • Ouma sit voor die waaiers.<br>• Ouma waai haarself koel met die handwaaiertjie.<br>• Daar is sweetdruppels om Ouma se kop.<br>• Ouma het 'n hoed op.<br>• Ouma sit onder die sambreel.<br>• Ouma sit wydsbeen/met oop bene, soos een wat warm kry.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 5 |
| 4.4 | Sy het 'n hoed (op haar kop). | 1 | 5 |
| 4.5 | Oupa drink 'n koeldrank, want hy kry baie warm.<br>*(Die komma na die eerste sin is nie nodig om die punt te verdien nie.)* | 1 | 3 |
| 4.6 | haar | 1 | 3 |
| 4.7 | Sussie, jy moet in die water spring. | 1 | 3 |
| 4.8 | yskoud | 1 | 3 |
| 4.9 | sonbril | 1 | 4 |
| | **TOTAAL:** | **10** | |

**VRAAG 5.1: LEESSTUK**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | **N**dzuta | 1 | 3 |
| 5.1.2 | ouers | 1 | 3 |
| 5.1.3 | met | 1 | 3 |
| 5.1.4 | buurman | 1 | 2 |
| 5.1.5 | **ge**werk | 1 | 2 |
| 5.1.6 | 'n | 1 | 3 |
| 5.1.7 | kunswerk**e** | 1 | 2 |
| 5.1.8 | nie | 1 | 3 |
| 5.1.9 | **om** beelde in hout **te** kerf<br>(*Kandidate hoef nie die hele sin uit te skryf nie, maar die gedeelte met die infinitief moet heeltemal korrek wees om die punt te verdien.)* | 1 | 3 |
| 5.1.10 | sportspanne | 1 | 2 |
| 5.1.11 | be-won-der<br>*(aanvaar enige manier wat deur die kandidate gebruik word)* | 1 | 4 |
| 5.1.12 | Mense sien gereeld sy werk op sy Facebook-blad.<br>*(Die hele sin moet korrek wees vir die punt)* | 1 | 5 |
| 5.1.13 | belan**g**rik | 1 | 3 |
| 5.1.14 | tevrede | 1 | 3 |
| | **SUBTOTAAL:** | **14** | |

**VRAAG 5.2: PRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 5.2.1 | hark | 1 | 1 |
| 5.2.2 | oor | 1 | 1 |
| 5.2.3 | rook | 1 | 1 |
| 5.2.4 | vuur | 1 | 1 |
| 5.2.5 | gebreekte | 1 | 2 |
| 5.2.6 | kruiwa | 1 | 1 |
| | **SUBTOTAAL:** | **6** | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** | |

**AFDELING D: LETTERKUNDE**

**VRAAG 6: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

**VERHAAL A: "DIE OOREENKOMS" (20) EN**

**VERHAAL B: " 'N MAN KOM TUIS" (20)**

**OF**

**VRAAG 7: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

**VERHAAL A*:* "OPGANG" (20) EN**

**VERHAAL B: "DIE GEHEIM" (20)**

**OF**

**VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

**VRAAG 6: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

**VERHAAL A: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.1 | Rusoord | 1 | 1 |
| 6.2 | • Hulle het mekaar eers in die ouetehuis leer ken.<br>• Hulle het mekaar leer ken toe hulle al oud was.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 6.3 | • vingerbord gespeel<br>• radio geluister<br>• rondgery<br>• whisky gedrink<br>(Enige TWEE) | 2 | 1 |
| 6.4 | • Dit wys watter goeie vriende Jakob en Willem was.<br>• Dit wys hoe groot Jakob se hartseer moes wees toe Willem dood is.<br>• 'n Mens kan dan beter verstaan waarom Jakob na Willem se dood so hartseer was.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 6.5 | • D<br>• die inwoner se dood het hulle oor hulle eie dood laat dink.<br>• D die inwoner se dood het hulle oor hulle eie dood laat dink.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.6 | • Sy het vir hom gesê dat Willem dood is.<br>• Sy het vir hom die tyding van Willem se dood gebring.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.7 | hartseer | 1 | 3 |
| 6.8.1 | • B<br>• … moes doen wat die beste vir al die inwoners was.<br>• B … moes doen wat die beste vir al die inwoners was.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.8.2 | • D<br>• … het as alleenloper nie die dood van naby vriende en familie ervaar nie.<br>• D … het as alleenloper nie die dood van naby vriende en familie ervaar nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.8.3 | • C<br>• … het hartseer oor die dood van geliefdes geken.<br>• C … het hartseer oor die dood van geliefdes geken.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.8.4 | • A<br>• … het probeer troos, maar was eintlik lastig.<br>• A … het probeer troos, maar was eintlik lastig.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.9 | • Jakob wou weet of/seker wees dat dit die moeite werd was om 'n goeie lewe te leef.<br>• Jakob wou seker wees dat daar wel 'n hemel is/lewe na die dood is.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 6.10 | • D<br>• 'n vergelyking.<br>• D 'n vergelyking.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.11 | • Jakob het die bottel uit die wegsteekplek gehaal.<br>• Jakob het gesukkel om die bottel oop te draai.<br>• Willem se horlosie het halfses geslaan.<br>• Die bottel se prop het gewoonweg losgedraai. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 6.12 | • Daar was 'n lang waglys.<br>• Daar was baie mense wat blyplek gesoek het/nodig gehad het.<br>• Jakob het ander mense van 'n blyplek ontneem.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 6.13 | • Dit was Willem se manier om vir hom te sê hy moet goed leef.<br>• Dit was Willem se manier om vir hom te sê daar is lewe na die dood.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |

**VERHAAL B: " 'N MAN KOM TUIS" – Pirow Bekker**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.14 | • C<br>• van plek tot plek agter sy werk aan getrek het.<br>• C van plek tot plek agter sy werk aan getrek het.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.15 | • Gouws het die wêreld gesien.<br>• Gouws het op baie plekke in die land gekom.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| 6.16 | (Op) Wilgerspruit | 1 | 1 |
| 6.17 | • Gouws het kort-kort op sy horlosie gekyk.<br>• Gouws het gekyk hoe vinnig die verteller gery het/die snelheidsmeter dopgehou.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 1 |
| 6.18 | respek vir | 1 | 3 |
| 6.19 | • Gouws het langs die pad gestaan en gewys hy wou saamry.<br>• Die verteller het Gouws opgelaai.<br>• Gouws het vir die verteller van sy lewe as padmaker vertel.<br>• Die verteller het Gouws naby sy huis afgelaai. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 6.20 | • Hy het Gouws langs die pad opgelaai.<br>• Hy wou Gouws by sy huis aflaai.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 6.21 | • Hierdie deel beskryf die spesiale tuiskoms van die man.<br>• Uit hierdie deel kan ons agterkom dat die hele gesin betrokke was by die man se tuiskoms.<br>• Uit hierdie deel kan ons agterkom hoe belangrik die spesiale tuiskoms vir die hele gesin was.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 6.22 | • Gouws se vrou moes vir lang tye/periodes alleen na die vyf kinders omsien.<br>• Omdat Gouws net een nag per maand by die huis was, kon sy vrou nie elke dag belangrike sake met hom bespreek nie.<br>• Gouws se vrou het nie gereeld kontak met hom gehad nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 6.23.1 | • D<br>• … is waar die padmaker gebly het terwyl hy paaie maak.<br>• D … is waar die padmaker gebly het terwyl hy paaie maak.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.23.2 | • A<br>• … is waar Gouws besig was om 'n nuwe pad te maak.<br>• A … is waar Gouws besig was om 'n nuwe pad te maak.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.23.3 | • B<br>• … is waar die man se kinders vir hom gestaan en wag het.<br>• B … is waar die man se kinders vir hom gestaan en wag het.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.23.4 | • C<br>• … is waar die verteller die gesin staan en dophou het.<br>• C … is waar die verteller die gesin gestaan en dophou het.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.24 | • Die verteller was nie gewoond aan mense soos Gouws nie.<br>• Die meeste ander mense sou sy aanbod aanvaar het.<br>• Die verteller kon nie glo dat Gouws ver wou loop om by die huis te kom nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 6.25 | • Gouws was positief/entoesiasties oor die lewe.<br>• Gouws het die beste van sy moeilike omstandighede/lewe gemaak.<br>• Gouws het nie oor sy moeilike lewe gekla nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 6.26 | • B<br>• 'n Man moet dinge doen wat hy weet sy gesin gelukkig sal maak.<br>• B 'n Man moet dinge doen wat hy weet sy gesin gelukkig sal maak.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | **[40]** | |

## VRAAG 7: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker

### VERHAAL A*:* "OPGANG" – Ina Rousseau

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.1 | Lukas het ...<br>• geweet dat Hannetjie daarvan hou om naaldwerk te doen.<br>• geweet as Hannetjie haar eie masjien het, sou dit nie meer nodig wees om vir Lot te vra om haar masjien te gebruik nie.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 1 |
| 7.2 | Hy was bang dat die kinders die masjien sou breek/beskadig/ bebodder. | 1 | 1 |
| 7.3 | • Sy sou dan nie meer in ander se oë hoef te kyk/oor ander verleë wees om haar naaldwerk te kon doen nie.<br>• Sy sou op dieselfde vlak as al die ander vrouens wees.<br>• Sy sou alles self kon doen wat sy graag wou doen.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 7.4 | • D<br>• personifikasie.<br>• D personifikasie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.5 | (In die) sitkamer | 1 | 1 |
| 7.6 | opgewonde oor | 1 | 3 |
| 7.7 | Lot het gesê as Hannetjie haar masjien nie so baie gebruik het nie, sou haar voetjie nie verniel/stukkend gewees het nie. | 1 | 3 |
| 7.8 | 'n Mens verstaan dit, want ...<br>• Hannetjie was so gewoond daaraan dat Lot hierdie dinge vir háár gesê het, dat sy dit toe nou maar net vir Lot gesê het.<br>• Hannetjie het Lot toe maar net in eie munt terugbetaal.<br>• Dit is presies wat Lot altyd vir Hannetjie gesê het.<br>• Lot sou toe kon voel/weet hoe Hannetjie altyd gevoel het as Lot daardie dinge vir haar gesê het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 7.9 | • B<br>• 'n beter lewe.<br>• B 'n beter lewe.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.10.1 | • D<br>• "Wie s'n is dit …?"<br>• D "Wie s'n is dit …?"<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.10.2 | • E<br>• "Ek hoor Lukas het toe eindelik en ten laaste vir jou 'n masjien gekoop."<br>E "Ek hoor Lukas het toe eindelik en ten laaste vir jou 'n masjien gekoop."<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.10.3 | • A<br>• "Dis nou wat ek 'n uitblinkermasjien noem."<br>• A "Dis nou wat ek 'n uitblinkermasjien noem."<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.10.4 | • C<br>• "Julle ma is die enigste mens wat aan hom vat!"<br>• C "Julle ma is die enigste mens wat aan hom vat!"<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.11 | • Lukas het vir Hannetjie 'n naaimasjien gekoop.<br>• Die kinders het dadelik hulle maats geroep om na die masjien te kom kyk.<br>• Twee vrouens in die straat het die volgende dag na die masjien kom kyk.<br>• Lot het 'n paar nate op Hannetjie se nuwe masjien gestik. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 7.12 | • Die formele aanspreekvorm wys dat hulle nie 'n spontane/openlike verhouding met mekaar gehad het nie.<br>• Al was hulle skoonsusters/familie was daar nie 'n gemaklike verhouding tussen hulle nie.<br>• Omdat Hannetjie (vir) Lot op haar volle naam genoem het/nie op haar noemnaam genoem het nie, wys dit dat hulle nie goed oor die weg gekom het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 7.13 | Ek sou ...<br>• (ook) gaan kyk het hoe die masjien lyk/gaan vra het om dit te mag gebruik.<br>• bly gewees het vir Hannetjie se onthalwe.<br>• verlig/bly gewees het dat Hannetjie my nou nie meer sou pla nie/nie meer my masjien sou gebruik nie.<br>**OF**<br>Ek sou...<br>• jaloers gewees het/gewens het ek het ook so 'n masjien.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |

**VERHAAL B: "DIE GEHEIM" – J van Melle**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.14 | • Leune het op die skip se reling geklim.<br>• Leune het op die kant van die skip geklim.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| 7.15 | • Een van die matrose/seemanne het op haar gevloek/geskree.<br>• Leune het vir die matroos/seeman geskrik/vir die matroos se gevloek/geskree geskrik.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| 7.16 | • Dou het geweet dat die meisie kon verdrink as hy haar nie help nie./Dou wou die meisie red.<br>• Dou was (nie bang vir water nie, want hy was) 'n goeie swemmer.<br>• Dou het gesien die meisie val in die water.<br>• In so 'n situasie mors 'n mens nie tyd nie; jy reageer dadelik.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 1 |
| 7.17 | Dit wys dat Dou ...<br>• onselfsugtig was.<br>• dapper was.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 7.18 | • Dou se dapper daad is byna deur niemand raakgesien nie.<br>• Dou het die skip verlaat sonder dat enige iemand hom gesien het/met hom gepraat het.<br>• Almal se aandag was op Leune en niemand het hulle regtig aan Dou gesteur nie.<br>• Dou is weg sonder dat Leune se ma eens geweet het wie hy was.<br>• Dou se eie familie het nie eens van sy heldedaad geweet nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 7.19 | • B<br>• met hom spot.<br>• B met hom spot.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.20 | sarkasties | 1 | 3 |
| 7.21 | • Dou en Leune het mekaar by 'n sendingfees ontmoet.<br>• Dou en Leune is getroud.<br>• Dou was ontsteld toe Leune sê dat sy aan haar eerste liefde gedink het.<br>• Leune het uitgevind dat dit Dou was wat haar gered het. | 1<br>1<br><br>1<br>1 | 2<br>2<br><br>2<br>2 |
| 7.22.1 | • C<br>• ... het verveeld geraak op die lang bootreis.<br>• C ... het verveeld geraak op die lang bootreis.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.22.2 | • B<br>• … se aandag was afgetrek.<br>• B … se aandag was afgetrek.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.22.3 | • A<br>• … het sonder ouers gereis.<br>• A … het sonder ouers gereis.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.22.4 | • E<br>• … was ontsteld oor die passasier wat gevaarlike dinge gedoen het.<br>• E … was ontsteld oor die passasier wat gevaarlike dinge gedoen het.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.23 | • B<br>• 'n Ware liefdesverhaal.<br>• B 'n Ware liefdesverhaal.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.24 | Dit was verkeerd want ...<br>• sy het hom nooit bedank nie.<br>• dit het gelyk asof sy nie waardeer het wat Dou gedoen het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 7.25 | • Die geheim het hulle albei gepla.<br>• Daar behoort nie geheime tussen getroudes te wees nie.<br>• Albei was verlig nadat hulle die geheim met mekaar gedeel het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 7.26 | • Dit het die situasie persoonlik gemaak.<br>• Dit wys dat hulle eerlik was met mekaar.<br>• Dit wys dat hulle self vir mekaar van die geheime vertel het.<br>• Dit wys dat hulle nie meer geheime vir mekaar gehad het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | **[40]** | |

**VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 8.1 | • Hy was kwaad vir die mense by wie sy ma gewerk het.<br>• Hy was kwaad omdat 'n kat meer gekos het as twee maande van sy ma se salaris.<br>• Hy het gevoel die mense by wie sy ma gewerk het was onregverdig teenoor haar.<br>• Hy was kwaad omdat sy ma agter ander mense moes skoonmaak.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| 8.2 | • Lucky was die hele tyd op sy selfoon.<br>• Hy het nie sy werk gedoen nie.<br>• Wilma het hom gewaarsku om sy selfoon te bêre.<br>• Die selfoon se geluid het die perde laat skrik.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 1 |
| 8.3 | • Sy wou Binki nie verder ontstel/bang maak nie.<br>• Sy wou nie voor Binki met Lucky baklei nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 8.4 | • A<br>• moes luister wat sy sê.<br>• A moes luister wat sy sê.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 8.5 | • Hy het almal gekritiseer.<br>• Hy het sarkastiese opmerkings oor almal gemaak.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 8.6 | • Sy het skuldig gevoel oor haar perd (Grace) se dood.<br>• Sy wou Lucky help om liefde vir diere te ontwikkel/hê.<br>• Sy wou vergoed vir die fout wat sy gemaak het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 8.7 | • Wilma het nie met geld betaal nie.<br>• Wilma het vir haar fout vergoed deur ander/kinders te help.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 8.8 | Binki | 1 | 2 |
| 8.9 | • Wilma het hom/sy prokureur 'n guns bewys.<br>• Wilma het hom goed behandel/mooi met hom gepraat.<br>• Kinders moet respek aan ouer persone betoon.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |

Kopiereg voorbehou 

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.10.1 | Dat dit ryk/bedorwe kinders was.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| 8.10.2 | • Hy was geskok/verbaas.<br>• Hy het skaam gekry.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 8.11 | • Sy was gestrem.<br>• Sy het in 'n rolstoel gesit.<br>(Enige EEN of soortgeluk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| 8.12 | stukkend | 1 | 3 |
| 8.13 | • A<br>• nie baie geld gehad het nie.<br>• A nie baie geld gehad het nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 8.14 | • 12 (jaar)<br>• Twaalf (jaar)<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 8.15 | • Hy het probeer om Kaizer (met die karwats) te slaan.<br>• Hy het uitdagend na Kaizer gekyk.<br>• Hy het kwaai met die karwats vir Kaizer beduie.<br>• Hy het Kaizer lelike name/*bird brain* genoem.<br>• Hy wou Kaizer dwing om hom te gehoorsaam.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 3 |
| 8.16 | • Lucky het meer van diere gehou as wat hy wou erken.<br>• Lucky was nie so wreed soos almal gedink het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 8.17 | • D<br>• klanknabootsing.<br>• D klanknabootsing.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 8.18 | • Dit wys hy het respek vir hom gehad.<br>• Dit wys hy het vriende met die perd gemaak.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 8.19.1 | Kaizer het nader na Lucky toe gekom. | 1 | 2 |
| 8.19.2 | Kaizer het self sy poot vir Lucky gelig.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 8.19.3 | Kaizer het liggies teen Lucky se skouer gestoot.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.20.1<br><br><br>8.20.2 | • Hy wou ook iets vir Kaizer terug doen.<br>• Hy wou vir Kaizer wys hy was nie meer kwaad nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br><br>(Sy was) bly/beïndruk/trots op Lucky.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1<br><br><br>1 | 3<br><br><br>3 |
| 8.21 | • Lucky wou Kaizer met die karwats slaan.<br>• Kaizer het Lucky onderstebo gestamp.<br>• Lucky het begin huil omdat hy geskrik het.<br>• Lucky het vir Kaizer gesê dat hy jammer was oor alles wat hy gedoen het. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 8.22.1 | • C<br>• ... is groot en kwaai.<br>• C ... is groot en kwaai.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 8.22.2 | • D<br>• ... is onseker en rebels.<br>• D ... is onseker en rebels.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 8.22.3 | • E<br>• ... is senuweeagtig en teruggetrokke.<br>• E ... is senuweeagtig en teruggetrokke.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 8.22.4 | • B<br>• ... is goed vir ander.<br>• B ... is goed vir ander.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 8.23 | • Sy het haar hond uit die brandende huis probeer red.<br>• Sy het steeds haar hond se foto's op haar selfoon.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| 8.24.1<br><br>8.24.2 | Extra Lucky<br><br>• Hy het toe gelukkig gevoel.<br>• Hy het toe vrede met homself gemaak.<br>• Hy het toe vrede met sy omstandighede gemaak.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1<br><br>1 | 1<br><br>4 |
| 8.25.1<br><br>8.25.2 | Lucky het Binki se mou afgeskeur.<br><br>Die littekens/brandmerke (op haar arm)<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1<br><br>1 | 2<br><br>2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.26 | Kaizer<br><br>Sy vriendskap met Lucky het die krag gehad om vir Lucky te verander.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | **[40]** | |

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou